

17 Mei

Kolossense 3:12-17 (2:7c)

Wees vervul met dankbaarheid

'n Christenmens is 'n dankbare mens.

Soos 'n goeie boom vanself goeie vrugte dra, behoort die Christen vanself vrugte van dankbaarheid in sy lewe te vertoon. Die Kategismus sê in Sondag 24 dis onmoontlik dat iemand wat in Christus ingeplant is geen vrugte van dankbaarheid sou voortbring nie.

Paulus beklemtoon in ons teksvers dieselfde: Die Kolossense wat in verbondenheid met Christus lewe en in Hom gewortel is, kan nie ontkom aan die opdrag om dankbaar te wees nie.

As ons bewus is van ons rykdom in Christus kan ons nie anders as om dankbaar te wees nie. Hoe inniger ons verhouding met Christus, hoe oorfloediger die dankbaarheid. Ons dankbaarheid is dus die bewys dat ons geheel en al, onvoorwaardelik op Christus vertrou. Hoe meer ons ons dus aan Hom oorgee, hoe minder sal ons sug en kla en hoe meer sal ons bid.

Die brief aan die Kolossense benadruk die roeping tot dankbaarheid baie sterk. Kyk byvoorbeeld 3:15: "Wees altyd dankbaar". Dankbaarheid moet dus ons lewenspatroon wees. Namate ons groei in die geloof sal ons meer en meer met dankbaarheid vervul word - dankbaar vir die groot gawe van God in Christus Jesus.

Die roeping tot dankbaarheid skerp ons op om nie een van God se weldade te vergeet nie. Dit laat ons onthou waar die geloof vandaan kom: dat God alles gegee het en steeds gee.

Ondankbaarheid word verrai deur ons afwesige en ongereelde gebede. Dit beroof ons van ons geloofsekerheid en spontane blydschap.

Wie in Christus gewortel is, kan ook reken op die werking van die Heilige Gees. Die Gees maak ons dankbaar.

Sing: Psalm 103:1

Ds. G. A. Hattingh (Johannesburg-Melville)